# DIE SABOTEURS

## No 2. Spioenasie Reeks



Gerrie Radlof

# DIE SABOTEURS

## Deur DIRK LUBBE

As hy 'n skurk wil doodmaak, dan lê hy hom nie stilletjies voor nie. Nee, hy stuur hom 'n briefie om hom te sê presies hoe laat hy sy laaste asem gaan uitblaas!

Al het hy 'n rewolwer by hom, hy gebruik dit nie. Nee, daar is net 'n blitsige beweging van die arm, 'n sagte suising deur die lug, en die flits van 'n metaallem . . .

En as hy in die verknorsing verkeer, kan hy nie by die polisie gaan hulp soek nie. Glad nie; want hulle is self op sy spoor!

Wie reeds met Dirk Lubbe se eersteling, *Die Profeet*, kennis gemaak het, sal weet dat daar maar net een man is wat aan so 'n beskrywing voldoen: Gerrit Fourie, alias die Profeet!

Ja, hy is weer hier— dié keer op die spoor van 'n roekelose bende wat grootskaalse verwoesting beplan en vir geen duiwel stuit nie. Vyf Geheime Diens-agente het reeds „verongeluk" . . .

Met sy hoed agter op sy kop, sy oë half toe—maar sy brein druk aan die werk—verskyn die Profeet op die toneel. Wee alle skurke!

En wee u, as u nie die kans het om *Die Saboteurs* sommer op een slag deur te lees nie!

# I

Linda Roux kyk na die man langs haar. 'n Glimlag verskyn op haar lippe as sy sien hoe sy kop stadig vooroor knik en hoe hy dit skielik weer regop ruk om die spreker op die verhoog tussen slaapbelaaide ooglede deur aan te staar. Sy neem hom dit nie kwalik nie. Lank laas was dit ook háár lot om so 'n vervelige toespraak te moet aanluister.

Vir sover sy kan vasstel, is sy en Buitendach die enigste twee verslaggewers hier teenwoordig. Die vyftig of wat ander aanwesiges, wat redelik voor sit in die klein saal op die sesde verdieping van die Marcusbouvereniginggebou, Adderleystraat, Kaapstad, sou ook gelag het as hulle moes weet dat daar twee joernaliste in hul midde is.

Linda voel self lus om te lag. Haar aantekeningboekie lê oop op haar skoot, maar tot nog toe het sy nie 'n enkele keer haar potlood gebruik nie—daar is eenvoudig niks wat sy die moeite werd ag om neer te skryf nie. Tog het die organisasie wat verantwoordelik is vir hierdie lesings, naamlik die Amateur Argitekte, soos hulle hulself noem, reeds heelwat opspraak verwek. Dank sy hul knap koerantadvertensies deurspek met treffende slagspreuke soos „bou self" en „bou op eie bodem", lok hul vergaderings gewoonlik heelwat belangstellendes.

Die organisasie word ook ondersteun deur etlike hooggeplaastes. Sy kyk na die vier mans op die verhoog. Staande is op die oomblik professor Krige,

Natuurkundige van die Universiteit, wat die hoofspreker vir die aand is. Skuins agter hom sit die voorsitter van Amateur Agritekte, Hendrik van Ransen, seker die mees vooraanstaande argitek in Kaapstad. Langs hom sit dr. Marcus, besturende direkteur van die Marcus-bouvereniging, en anderkant professor Krige, Van Dyk Truter, Van Ransen se vennoot.

Linda vestig haar aandag op professor Krige. Dit kom haar voor asof hy maar baie min belang stel in die toespraak wat hy lewer. Geen wonder dan ook dat hy sy gehoor nie bind nie. Meteens is dit asof sy 'n flikkering in die man se oë gewaar. Agter haar hoor sy skuifelende voetstappe, en sy besef dat 'n paar van die luisteraars opgestaan het en aan die uitloop is. Dit is asof dit die professor vererg.

Op daardie oomblik was hy besig om te pleit dat fabrieke en ander nywerheidsgeboue gebou moet word met inagneming daarvan dat talle mense die beste ure van elke dag—en die beste jare van hul lewe—tussen daardie mure moet deurbring. Dit is dus van die uiterste belang dat die gebou van so 'n aard moet wees dat dit die werker nie sal laat voel dat hy hom elke dag na 'n tronk begewe wanneer hy werk toe gaan nie.

„En," roep hy nou effens harder uit, asof hy 'n doelbewuste uittarting agter diegene aanstuur wat so min van sy toespraak dink dat hulle opstaan en uitgaan, „in die studie van die argitektuur van sulke fabrieke en geboue lê die sleutel tot verwoesting in hierdie land! Daarin lê opgesluit die wapen waarmee ons . . ."

Hendrik van Ransen het vinnig, asof verskrik, half uit sy stoel opgestaan, vorentoe geleun en aan die



professor se skouer getik. Krige het dadelik stilgebly, die uitdrukking van effense opgewondenheid het sy gesig verlaat en hy het sy kop na Van Ransen se kant toe gebuig. Toe knik hy en vervolg op dieselfde eentonige trant as vroeër :

„Ons geagte voorsitter herinner my daaraan dat dit laat word. Ek word gewoonlik weggevoer deur hierdie onderwerp. Om dus mee af te sluit . . ." en hy gaan oor tot die laaste fase van sy redevoering.

Linda hoor skaars wat hy sê. Vlugtig het sy in die vertrek rondgekyk. Dit kom haar voor asof niemand behalwe sy daardie skielike opwinding by professor Krige opgemerk het nie. Dit lyk ook nie asof enigiemand anders méér van die voorval dink nie as bloot dat Van Ransen hom aangeraai het om af te sluit aangesien party van die gehoor reeds deur se kant toe staan.

Linda Roux kan die onstuimige bonsing van haar hart skaars beheers. 'n Yskoue gevoel van gevaar het op haar neergesak. Haar oë is nou wyd oop en bly onafgebroke op die vier mans op die verhoog gevestig. Opnuut beskou sy elkeen se gelaatstrekke—maar vernaamlik dié van Hendrik van Ransen. Net betyds kyk sy weg en laat haar oë so kalm as moontlik op die professor rus, want sy besef skielik dat Van Ransen besig is om die gehoor noukeurig dop te hou.

Sy kyk na Buitendach langs haar. Sy kop sak stadig tot amper op sy bors. Dan druk sy hom met die elmboog in die ribbes. Hy skrik en kyk vinnig na haar.

Sy glimlag opgewek.

„Jy sal aan die slaap raak," fluister sy.

Die jong joernalis haal sy skouers op. Hy glimla verveeld. „Sal dit saak maak?" sê-vra hy droog.

Sy kyk terug na die verhoog. Deur haar kop maal die woorde van haar hoof:

„Die vierde is vandag dood," en die Hoof van die Geheime Diens se stem was ernstig. Sy kon haar sy bleek gelaat aan die ander kant van die telefoon duidelik voorstel. „Uys het my gisteraand gebel. Hy kon skaars praat. Die enigste woorde wat ek kon uitmaak was: ,Van Rasse, fabrieke'. Wat dit kan beteken, weet ek nie. Maar Uys was op die spoor van iets groots—dit is vanoggend bewys toe sy lyk op die strand gevind is."

Die Hoof het 'n oomblik geaarsel. Linda Roux, wat wat reeds vyf jaar se Geheime Dienswerk agter die rug het, het geweet dat die man bewoë is. Hy het tydens die afgelope paar weke nou al vier van sy mense verloor.

„Ek bel almal om hulle van hierdie paar woorde te sê, Linda. Hou jul ore oop. Vroeër of later moet hulle 'n fout begaan."

Linda, wat oënskynlik die beroep van joernaliste volg, maar in werklikheid lid van die Geheime Diens is, het besef dat iets ernstigs aan die gang is. Sy was dus bitter teleurgesteld toe sy as gevolg van die afwesigheid van 'n junior verslaggewer hierdie onskuldige vergadering moes kom bywoon.

En nou, skielik, het iets tot haar deurgedring en is sy dankbaar dat die toeval haar hierheen gestuur het. Niemand anders in die gehoor is daarvan bewus nie, maar met die sleutel in haar besit, het sy meteens die betekenis besef van wat Uys met sy laaste asem aan die Hoof gesê het. Dit was nie: „Van Rasse, fabrieke"



nie, maar wel: „Van Ransen, fabrieke". Krige het gesê dat die land op die een of ander wyse deur middel van die fabrieke verwoes kan word. Daarin lê dus die geheim. Daarin—en in hierdie organisasie.

Soos die Hoof haar meegedeel het, moes hulle vir die eerste fout wag—en dié het professor Krige blykbaar vanaand begaan. Skielik pak vrees haar weer beet. Natuurlik is dit die *vyfde* keer dat 'n fout begaan word! Maar in die vorige vier gevalle was dit, net soos vanaand, alleen die Geheime Diens-mense wat iets verdags gemerk het; en in al vier gevalle het hulle met hul lewe daarvoor geboet.

Maar dan dwing sy haar tot kalmte terug. Daar moet ander omstandighede gewees het. Sy weet byvoorbeeld dat Uys geen ander werk gedoen het nie. Hy mag sy inligting op 'n heeltemal ander wyse opgespoor het. Hier sit sy in 'n saal, omring met lede van die publiek. Sy kan niks oorkom nie. Sy is heeltemal veilig. As Van Ransen teen háár agterdog koester, moet hy ook dieselfde doen teenoor die vyftig ander wat hier teenwoordig is.

Sy voel meteens heeltemal gerus, en gesus deur dié gevoel van veiligheid, begaan sy 'n groot fout: sy besluit naamlik om iets meer te probeer agterkom, indien moontlik.

Op daardie oomblik is Van Ransen aan die woord. Hy het reeds die professor kortliks bedank en wens nou almal 'n goeie nagrus toe. Diegene wat lus voel om nadere besonderhede aangaande Amateur Argitekte in te win of enige aspek van sy toespraak met die professor te bespreek, word vriendelik uitgenooi na

dr. Marcus se kantoor waar drankies vir die volgende uur verskaf sal word.

Saam met ongeveer vyftien ander, insluitende Buitendach, volg Linda Van Ransen deur 'n breë gang tot in die luukse kantoor van die bekende ekonoom. Marcus nooi hulle vriendelik om hulle tuis te maak en stap oor die dik tapyt na 'n muurkabinet waar hy 'n man, blykbaar een van sy werknemers, versoek om die gaste met drankies te bedien.

'n Rukkie later heers 'n opgeruimde stemming in die kantoor. Linda het op haar gemak van groep tot groep beweeg totdat sy haar uiteindelik alleen met Van Ransen bevind. Hul gesels aangenaam oor die algemene eienskappe van argitektuur sowel as die doel en strewe van Amateur Argitekte. Stadig lei sy die gesprek in die rigting van daardie paar oomblikke van opwinding in professor Krige se toespraak.

„Die hele onderwerp interesseer my baie," sê sy geselsend onderwyl sy opkyk in die donker oë van die ses voet vier duim-lange, frisgeboude Van Ransen. „Ek het egter gevoel dat professor Krige nét begin geesdriftig word toe u hom ongelukkig daaraan moes herinner dat sy tyd verstreke is." Onderwyl sy praat, laat sy haar oë nie 'n oomblik van syne afdwaal nie.

Van Ransen lag verontskuldigend. Nie vir 'n sekonde is daar die geringste roering van 'n spiertjie in sy ronde gesig nie. Die breë, mensliewende glimlag omhels haar en al die ander in die vertrek. Sy oë vonkel vriendelik, en dit moet ongetwyfeld vir almal duidelik wees dat hy die geselskap van hierdie aantreklike jong meisie terdeë geniet.



„Ongelukkig het dit 'n bietjie laat geword," maak hy verskoning.

„Die kwessie van die verwoesting wat die professor op daardie oomblik aangehaal het, het my . . ."

„Ag, ja!" roep Van Ransen opgewek uit. „Die professor se geliefkoosde onderwerp. Kortliks opgesom kom dit daarop neer dat die mens in 'n mate deur sy omgewing beïnvloed word. Hoe aangenamer sy omgewing, des te aangenamer sy gemoedstoestand en dus ook sy persoonlikheid. As ons byvoorbeeld donker, selagtige fabrieke moet bou, sou die produksievermoë van ons fabriekswerkers in so 'n mate afneem dat die land se nywerheid spoedig daarmee heen sou wees—en dit kom immers op verwoesting neer, nie waar nie?"

„Natuurlik," antwoord Linda. „Ek voel geneig om met die professor saam te stem. Dit sal beslis interessant wees om byvoorbeeld 'n brief aan 'n koerant te rig om sodoende ander lesers se menings oor die saak uit te lok."

„Ja," lag Van Ransen. „En miskien besorg dit sommer ook ons vereniging 'n bietjie publisiteit!"

Opgeruimd gaan hulle 'n rukkie later uitmekaar. Linda soek Buitendach op en hy verseker haar dat hy gereed is om te vertrek en dat hy haar na haar huis toe sal begelei.

Hulle neem afskeid en gaan uit. By die deur draai sy haar om sodat hy haar jas oor haar skouers kan gooi. Weer gryp die vrees haar aan en skielik wil sy omspring en so vinnig as moontlik weghardloop. By die muurkabinet waar die gaste met drankies bedien word, staan Van Ransen by die man wat as skinker optree. Albei

het stip na haar gekyk, maar vinnig weggekyk toe sy haar omgedraai het.

Onderwyl hulle met die hyser afgaan, dink sy na oor haar gesprek met Van Ransen. Terwyl sy met hom gesels het, het sy byna tot die gevolgtrekking gekom dat haar vermoede ongegrond is, maar die enkele blik wat sy daar by die deur van hulle gekry het, het haar vrees teruggebring. Sy voel daarvan oortuig dat sy per geluk afgekom het op die komplot, waaruit dit ook al bestaan, wat reeds vier moorde in die Geheime Diens veroorsaak het.

Hulle gaan uit en klim in 'n wagtende huurmotor wat Buitendach per foon bestel het. Hy verstrek haar adres aan die bestuurder en onderwyl die motor wegtrek, kyk Linda deur die agterste venster. Daar is verskeie ander motors in die straat, alhoewel die bioskope reeds geruime tyd gelede uitgekom het, en sy kan dus nie seker wees of 'n ander voertuig terselfdertyd weggetrek het en hulle agtervolg nie.

Met logiese beredenering stel sy haar gerus. Sy kan haar nie verbeel dat Van Ransen, indien hy die leier van die organisasie is, sal toelaat dat sy op pad huis toe van 'n vergadering waar hy teenwoordig was, ingehaal en doodgemaak word nie. Ondersoek sal noodwendig teruglei tot die vergadering, en hy sal daardie onnodige agterdog nie doelbewus op hom aftrek nie.

Buitendach sal haar voor haar woonstel aflaai. Sy deel 'n woonstel met 'n vriendin van haar, 'n jong mannekyn, Sandra Dreyer.

Sy weet dat Sandra vanaand uit was, maar sy neem aan dat haar vriendin teen dié tyd reeds tuis sal wees.



Sy het dus niks om te vrees nie. Sy sal onmiddellik die Hoof skakel en dié kan haar sê wat om te doen.

Voor die massiewe blok woonstelle in Brandstraat, Tuine kom die huurmotor tot stilstand. Linda klim by die deur uit wat Buitendach vir haar oophou. Vlugtig kyk sy op en af in die straat. Sy gewaar niks.

„Ek sal jou na die deur begelei," bied die jong verslaggewer aan.

„Dit is regtig nie nodig nie," antwoord sy vriendelik. „My vriendin sal heel waarskynlik al slaap en dit is maar 'n klein entjie deur toe."

Hulle wens mekaar 'n goeie nagrus toe en sy draai haar om om in te gaan. Agter haar trek die huurmotor weg.

Toe sy die groot glasdeur wat lei na die voorportaal van die woonstelle, oopstoot, kyk sy onwillekeurig om na die straat toe. 'n Motor kom vinnig aangejaag en die bande skreeu liggies toe dit skielik 'n honderd tree onderkant die woonstelle tot stilstand kom. Twee mans spring uit en kom vinnig nader gestap.

Met 'n oorweldigende voorbode van onheil stamp sy die deur oop en hardloop oor die plaveivloer van die voorportaal na die hyserbak toe.

Met die eerste oogopslag stel sy vas dat die bak aan die opgaan is en dat dit pas die grondverdieping verlaat het. Sy durf nie wag nie. Met 'n snikkreet hardloop sy na die trap links van die hyser. Blindelings storm sy boontoe. As sy maar net die woonstel kan bereik en die Hoof kan skakel voordat haar agtervolgers haar inhaal, sal sy tevrede wees. Sy gryp aan die trapleuning en ruk haar vinniger vorentoe. Sy skiet om